ATKV-betrekkings

ATKV-Klein-Kariba

Hoofkok: Restaurant

Die ATKV is ’n dinamiese en snelgroeiende Afrikaanse kultuurorganisasie met ’n vakature vir ’n gekwalifiseerde hoofkok by sy vakansieoord, ATKV-Klein-Kariba.

Die ATKV volg ’n gelyke indiensnemingsbeleid.

Vereistes

- Ten minste ’n graad 12-sertifikaat.
- Kosvoorbereidingsvaardighede.
- Kookvaardigheid in die voorbereiding van ’n wye verskeidenheid geregte.
- Ondervinding in spyseniering met spesifieke verwysing na spyseniering op groot skaal, à la carte-etes en wegneemetes.
- Moet algemene higiëne asook voedselhigiëne kan toepas.
- Rekenaarvaardigheid is ’n aanbeveling.

Vernaamste verantwoordelikhede

- Kook en voorbereiding van geregte.
- Netheid van die kombuis, restaurant, wegneemete-kiosk en funksielokale.
- Voorraad- en porsiebeheer.
- Personeelbeheer.

As jy graag vir so ’n dinamiese organisasie wil werk, stuur jou volledige CV aan:

Adrien Viljoen by KKBetrekkings@atkv.org.za
ATKV, Posbus 150, Bela-Bela, 0480

Sluitingsdatum: **6 Februarie 2023 voor 12:00**
Gebruik asseblief **KKREST06** as verwysing.
Geen behuising word verskaf nie.

As jy vier weke ná die sluitingsdatum nog nie van die ATKV gehoor het nie, was jou aansoek onsuksesvol.